

Skriflesing: 1 Timotheüs 2: 1 – 8

Teksvers: 1 Timotheüs 2: 1 – 4

Tema: Gehoorsame gebed, dít verander die loop van hierdie wêreld!

Ons is in 'n wêreld waar vernietigende magte naartiglik aan die werk is en dit met die gevolg dat hierdie wêreld onder allerhande dreiging staan. Nou die vraag: Wat is ons as gelowiges se taak en roeping in hierdie besondere tyd, wat moet ons doen om die loop van hierdie wêreld te verander?

1. Gehoorsame gebed is gebed vir alle mense (vers 1)

1 Tim. 2 vers 1 is aan die kerk van Efese en so aan elke gelowige gerig. Hier staan Paulus vermaan hulle, bedoelende hy dring baie ernstig by hulle aan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegging gedoen word vir alle mense. Vir Efese het dit beteken dat hulle ook die heidenwêreld rondom hulle as gebedsinhoud moes hê. In vers 2 gaan Paulus egter verder om enige misverstand te voorkom. Hy lig dit duidelik uit dat daar ook gebed moet word vir die konings en almal wat hooggeplaas is. Die gemeente in Efese was met 'n heidense owerheid gekonfronteer, 'n owerheid wat in werklikheid die christengodsdiens nie goedgesind was nie, maar steeds die opdrag – bid vir hulle.

2. Gehoorsame gebed het kerklike belang (vers 2)

Vir die owerheid moet as gesagsinstelling van God gebed word “*sodat ons 'n stil en rustige lewe kan lei*”. Die owerheid is dus ook die voorwerp van gehoorsame gebed want dit het duidelik kerklike belang, want verseker die owerheid “die stil en rustige omstandighede”, wat alleen moontlik is as hy sy taak volgens God se opdrag uitvoer, dan kan die evangelie sy loop neem tot elke uithoek van hierdie wêreld en kan die getal vol word van hulle wat aan God behoort. Maar dit eindig egter nie hier nie – die gelowiges se lewens moet ter selfde tyd spreek van alle *godsvrug* en *waardigheid*. Hierdie woorde wil dit uitlig dat die gelowiges onbesproke moet wees in hulle optrede teenoor God (godsvrug) maar ook hulle medemens (waardigheid).

3. Gehoorsame gebed het ook wêreldlike belang (verse 3 en 4)

Deur die evangelie wat verkondig word, maar ook gedra word deur die lewe van die gelowiges, kom die evangelie by die wêreld uit en dit is vir God “goed en aangenaam” (vers 3). Dit is deel van sy Raadsplan dat elke oor sal hoor en elke mond sal bely dat Hy die ewige en waaragtige God is. Dit is ook wat baie duidelik in die begin van vers 4 staan - dat God wil hê dat alle mense gered word. Hier word nie algemene verlossing deur Paulus gepreek nie, maar wel die wil van God geopenbaar. God het geen behae daarin dat die mens verlore gaan nie, intendeel, God het hierdie wêreld so lief gehad dat Hy sy Seun gegee het om te sterf sodat hulle wat aan Hom behoort, gered kan word (Joh. 3: 16). Uit alle tale en volke oor alle tye heen vergader Christus deur sy Woord en Gees gevolglik sy kerk. Daar is maar een God en een Middelaar tussen God en die mens en daarom is die gehoorsame gebed van wêreldlike belang want so word die loop van hierdie wêreld verander, deurdat daar mense tot die geloof kom in die ewige en waaragtige God.

Daarom in hierdie tyd van ewigheidsbelang:

Laat ons gehoorsaam bid, want dit verander die loop van hierdie wêreld.